Pro-Ed Akademie

'n Toonaangewende, Christen Afrikaanse Privaatskool in Swakopmund

beskik oor die volgende vakatures. Professionele persone wat voldoen aan die vereistes, word genooi om aansoek te doen:

ONDERWYSPOSTE

SENIOR PRIMÊRE ONDERWYS : GRAAD 4 – 7

- **AFRIKAANS HUISTAAL**
- **ENGLISH HOME LANGUAGE**
- **WETENSKAP**

Minimum vereistes en vaardighede:

- Toepaslike akademiese- en professionele onderwyskwalifikasie van geakkrediteerde tersiêre instelling
- Onderrigmedium in beide Afrikaans en Engels, kandidaat moet ten volle tweetalig wees
- Vorige onderwysondervinding en ook ondervinding as vakhoof sal tot voordeel strek
- Passie vir onderwys en vermoë om verhoudings met belanghebbendes daar te stel en te volhou
- Vermoë om tred te hou met vinnige veranderinge in onderwys, tesame met visie en beskik oor die vermoë om aanlyn-onderrig en tegnologie in onderrig te integreer
- Buite-kurrikulêre aktiwiteite (sport & kultuur) is verpligtend
- Persoonlike verbintenis tot Christenonderwys en bydrae tot die karakter en waardes van die skool, asook die professionele ontwikkeling van almal betrokke
- Namibiese burgerskap / permanenete verblyf

Pligstaat behels die volgende, maar nie beperk nie, tot:

- Vestig leeromgewing in die klaskamer, hetsy fisies of aanlyn
- Bestuur, beplanning, bystand en bevordering van onderrig en leer in die vak/graad/fase
- Beplanning, kontrole, beheer, rekordhouding en terugvoer insake evaluerings
- Bywoning van vergaderings en werkswinkels insake betrokke vak/grade/fases
- Bestuur, kontrole, bystand en bevordering van dissipline binne die klaskamer en skool in geheel
- Samewerking met onderwysers in alle grade ter bevordering van effektiewe onderwys
- Verantwoordelik vir skoolvoorraad en toerusting onder beheer van onderwyser en/of afdeling
- Betrokkenheid, bystand en bevordering van buite-kurrikulêre aktiwiteite (sport & kultuur)
- Spesifieke pligte en verantwoordelikhede sal in samewerking met die vak- en departementshoof bepaal word. Kandidaat sal aan departementshoof rapporteer in terme van alle opdragte en verantwoordelikhede.

Aansoeke kan gerig word aan:
Die Skoolhoof, Posbus 2085, Swakopmund of per e-pos na proedvacancy@gmail.com
Aansoek moet vergesel wees van 'n volledige Curriculum Vitae met kwalifikasies, identiteitsdokument/paspoort en bewys van Namibiese burgerskap.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 1 September 2021 **Diensaanvaarding: 1 Januarie 2022**

Slegs kandidate op die kortlys sal gekontak word. Indien u geen uitnodiging vir 'n afspraak van Pro-Ed Akademie ontvang het binne 2 weke na sluitingsdatum, beskou asseblief u aansoek as onsuksesvol. Pro-Ed Akademie behou die reg voor om nie 'n afspraak en/of aanstelling te maak nie.